

**D**aar is 'n paar waarnemings oor die agteruitgang van natuurlike hulpbronne wat my bybly: Die hunkerende opmerking van 'n oom in die Leliefontein-gemeenskapsgebied oor die gras wat in sy kinderdae "sulke kuiwe" gestaan het en die kommersiële skaapboer wat wens hy wen die Lotto sodat hy al sy vee vir tien jaar van die veld kan haal om die grond en plante 'n blaaskans te gee. Terug in Kaapstad is dit moeilik om te glo die besoedelde riviere wat inwoners van die suidelike voorstede daaglik op pad werk toe oorsteek, was eens die waterbron van tientalle Khoi en later Nederlandse setlaars.

Bekommernis oor die agteruitgang van waterbronne, die verdwyning van plantspesies en die gevolglike verlies aan biologiese verskeidenheid is nie beperk tot dié Kaapse anekdotes nie. Die probleem teister alle ander provinsies. Ook in Madagaskar, Patagonië, Nieu-Seeland, Skotland, Indië

omgewing gestuit word? Hoe kan dit omgekeer word? Hoe kan die skade wat reeds gedoen is, herstel word? En is dit ekonomies regverdigbaar? Die uitdaging is verder om dié vroeë deel te maak van gesprekke in die breë gemeenskap, maatskappye se raadsale en regeringskoususse.

'n Boek wat in 2007 verskyn het, oordink dié vroeë en uitdagings en bring ekonomiese en ekoloë, teoretiese wetenskaplikes en mense wat reeds op praktiese wyse werk om hulpbronne te herstel, asook beleidmakers en navorsers van die sogenaamde ontwikkelende en ontwikkelde wêreld, byeen. Hulle oorweeg wat dit sal kos om die produkte en dienste van ekologiese stelsels te herstel en wat die voordele daarvan sal wees.

*Restoring natural capital: Science, business and practice* is saamgestel deur James Aronson en die Suid-Afrikaners, dr. Suzanne Milton ('n ekoloog) en James Blignaut ('n ekonoom). In dié boek gebruik die skrywers die basiese ekonomiese konsepte van vraag

# NATUURLIKE KAPITAAL

## die beste belegging


Ekonomiese teorie dikteer dat daar in die skaarsste vorm van kapitaal belê moet word. In die lig van die agteruitgang van natuurlike hulpbronne besef ekoloë en ekonome dat die produkte en dienste wat die natuur lewer, dié skaars kapitaal is.

en Amerika is ekoloë besorg oor wat nóg verlore kan gaan as hulle nie vinnig man en muis, finansier en praktisyn, regering en burger kan opkommandeer om te help herstel nie. Die kommer is oor die verdwyning van plantspesies en waterbronne, die verlies aan biologiese verskeidenheid, die onomkeerbare fragmentering van omgewingstelsels en die ekologiese dienste wat in die proses verlore gaan (lees "Ekostelsels tot ons diens" hiernaas).

Gelukkig geniet dié kommer al jare die aandag van wetenskaplikes en meer onlangs ekonome wat in verskillende uithoeke van die wêreld navorsing doen oor die agteruitgang van natuurlike hulpbronne en maniere om dit te stuit. Die vroeë wat hulle vra, is: Hoe kan die agteruitgang van die

aanbod om 'n vars benadering tot die herstel van natuurlike hulpbronne, oftewel natuurlike kapitaal, voor te stel. Aangesien natuurlike kapitaal die heel beperkendste vorm van kapitaal is, maak dit ekonomies sin om daarin te belê. Die belegging kan beskerm word deur 'n tweeledige benadering, naamlik om die vraag na die "produkte en dienste" van ekologiese stelsels te verminder en beter te bestuur en terselfdertyd die aanbod daarvan te vergroot deur pogings om ekostelsels tot vorige vlakke of toestande te herstel.

Die wetenskaplikes wie se werk Aronson, Milton en Blignaut in die boek byeenbring, draai nie doekies om nie: Mense het diep spore op die gehalte en beskikbaarheid van natuurlike hulpbronne getrap en



dis meestal nie 'n mooi prentjie nie. Die vraag na vars water, kos, hout, brandstof, grond vir behuising en minerale het natuurlike hulpbronne verminder en selfs onomkeerbaar uitgeput. Trouens, die tempo waarteen natuurlike grondstowwe onttrek, in vervaardigde kapitaal omskep en as afval na die ekostelsel teruggevoer word, het sesvoudig toegeneem in die twintigste eeu.


Eweneens het globalisering ryk lande in staat gestel om hul verbruik van natuurlike kapitaal te subsidieer deur dit van arm lande in te voer, maar nie ten koste van die natuurlike omgewing in hul lande nie. Daar is nie meer onontdekte omgewings om te verower nie en hoe langer gewag word om met die herstel van natuurlike kapitaal te begin, hoe moeiliker en hoe duurder word dit.

Waar belegging in die natuurlike kapitaal die verskil tussen die voortbestaan en stadige uitwisseling van die mens kan beteken, is ekonomiese beginsels die enigste manier om die onoorwinnelike tot ander insigte te bring. As waardes aan natuurlike kapitaal geheg kan word en koste en voordele van die herstel daarvan in geldelike terme gestel kan word, behoort beleidmakers en sakelei-



BO: Om natuurlike kapitaal te herstel, is duur, moet oor groot oppervlaktes gedoen word en verg tyd en betrokkenheid van almal wat 'n belang het by die herstel daarvan.

REGS: *Restoring natural capital: Science, business and practice* saamgestel deur James Aronson, dr. Suzanne Milton en James Blignaut.



ers dié vorm van kapitaal in hul begrotings, beleid en strategieë te verreken, glo die samestellers en skrywers van die boek.

Tot dusver erken die mark nog nie dat mense deel van die ekosistels is nie en blokkeer dus die inligting of "seine" wat die natuurlike omgewing "stuur". Op die rug van ekonomiese groeimodelle neem verbruik – veral in die sogenaamde ontwikkelde lande – ongebreideld, dog onvolhoubaar, toe. Die boek beywer hom dus vir 'n nuwe benadering tot ekonomiese groei: een waarin oorwegings soos die druk wat die bestaande model op natuurlike kapitaal plaas, ook geld.

Hulle glo die herstel van natuurlike kapitaal sal nooit volkome gestalte kry deur enkele geïsoleerde herstelprojekte, beskermde gebiede, deur dit op die rand van die samelewing te hou of bloot in landelike gebiede te laat plaasvind nie.

Die konsep en die toepassing daarvan moet in die "hoofstroom" opgeneem word. Dit beteken dat oorwegings oor biodiversiteit geïnkorporeer moet word in beleid wat die aktiwiteite van alle sektore rig, dat

vordering met biodiversiteit ook die ekonomie ten gunste moet wees, dat aktiwiteite in die verskillende sektore afhanklik van die volhoubare benutting van biodiversiteit moet wees en selfs lei tot 'n ommekeer in die verlies aan biodiversiteit, skryf Richard Cowling, Shirley Pierce en Ayanda Sigwela in 'n hoofstuk oor dié onderwerp.

Altesaam 19 gevallestudies gee 'n blik op die herstelprogramme wat reeds aan die gang is. Die welslae wat behaal is, die lesse wat geleer is ten opsigte van doelwitte wat gestel is, benaderings wat gevolg is en die ekonomiese geleenthede wat geskep is, word ondersoek. Daar is egter struikelblokke: die afwesigheid van onverstoorte ekosistels wat as voorbeelde kan dien, die ingewikkeldheid van ekosistels, die koste van herstelprojekte, die tyd wat dit duur voordat herstelprojekte begin voordele toon, die stryd om finansiële en regulatiese steun te kry en alle belanghebbendes te betrek en te laat verstaan hoe die projek hulle gaan bevoordeel.

Die skrywers toon dat pogings om hulpbronne te herstel nie net 'n uitgawe hoef te

## EKOSTELSELS TOT ONS DIENS

Die meeste mense is dikwels nie bewus van die belangrikheid van natuurlike hulpbronne in hul lewens nie totdat dit eendag nie meer daar is nie. Die boek *Restoring natural capital* maak 'n mens bewus van die voordele wat plaaslike gemeenskappe, lande en die wêreld uit natuurlike hulpbronne verkry.

Die natuurlike omgewing voorsien noodsaaklike dienste. Dit behou biodiversiteit, koolstofsekwestrasië en -berging. Dit verskaf "eilande" van oorspronklike organismes. Dit voorsien 'n genetiese voorraad van potensieel medisyne, nuwe gewasse en ander nuttige produkte. Dit beskerm waterskeidings en die vloei van water deur landskappe. Min grond gaan verlore in ekosistels wat reg funksioneer en voedingstowwe word daarin gesirkuleer. Funksionerende ekosistels kan as biologiese beheeragente dien, voedselkerheid en beter bestuwing van plante verseker en 'n gebied se herstelvermoë versterk in die geval van die versteuring van die omgewing. 

wees nie. Suid-Afrika is uniek in die sin dat die herstel van natuurlike hulpbronne 'n ontwikkelingsprioriteit is. Dit beteken dat enige projek wat aangepak word om natuurlike hulpbronne te herstel, ook vir werkskepping en opleiding voorsiening moet maak. In 'n tyd wat dit maklik is om oor toestande in Suid-Afrika moedeloos te raak, is dit goed om te lees van die welslae wat reeds in Suid-Afrika op die gebied van die herstel van natuurlike kapitaal behaal word. Van die bekendste voorbeelde is die "werk vir water"-program wat daarop gemik is om landskappe te herstel om watervoorsiening – een van die belangrikste "dienste" wat ekosistels verrig – te verbeter. Projekte is ook aan die gang om woude te herstel om die volhoubare insameling van bas vir medisinale doeleindes moontlik te maak en veldagteruitgang te stuit deur die aanplanting van spekbome (*Portulacaria afra*).

Die samestellers en skrywers beywer hulle nie daarvoor dat elke plaas in 'n onge-repte natuurreservaat omskep moet word waar mense slegs as dagbeseikers toegelaat word nie, maar bevorder juis funksionerende landskappe waarvan mense 'n integrale deel is. Natuurlike landskappe is immers nie museums nie, maar lewende, veranderende stelsels.

Die boek is nie sussende leesstof vir slaaptid nie – bloot omdat die toestand van natuurlike hulpbronne, landskappe en

◆ 14

stelsels só agteruitgegaan het dat niemand gerus behoort te wees nie – maar dis ook nie 'n bangmaakstorie nie. Dis eerder 'n tydige waarskuwing oor die omvang van die uitdaging en 'n bespreking van voorwaardes vir suksesvolle herstelprojekte.

Die onderwerpe wat die boek dek, weerspieël die ingewikkelde aard van ekosistels en dus die uitdaging, die groot hoeveelheid inligting wat beskikbaar is, maar ook die onderwerpe waaroor daar nog onsekerheid

of te min kennis is. Die aanbieding is nie-temin hoogs leesbaar en vir nie-wetenskaplike lesers is daar verskeie “haai, ek het dit nie geweet nie”-oomblikke.

Die boek verras verder met die beskrywing van die magdom werk wat reeds in Suid-Afrika met die herstel van natuurlike kapitaal gedoen word. Innoverende maniere word beskryf wat praktisyns en gemeenskappe vind om herstel te bevorder, soos byvoorbeeld om saad van plante in padreserwes te oes. Die werks- en inkom-

stegeleenthede wat die herstel van natuurlike hulpbronne reeds in arm landelike gemeenskappe skep, word uiteengesit.

*Restoring natural capital* is 'n boek wat beleidmakers, beleggers en ekonome behoort te lees. Boere en bewaringsbewustes wat oor die agteruitgang van natuurlike hulpbronne in hul omgewing besorg is, sal inspirasie vind in die bewaringsaksies van gemeenskapsgroepe wat in die boek beskryf word. Dit sal hulle hopelik aanmoedig om betrokke te raak. **L**

## HOE HET DIE WÊRELD TOT HIER GEKOM?

'n Onwrikbare vertroue in die perkeloosheid van natuurlike hulpbronne en die vindingrykheid van wetenskap en tegnologie om die wêreld uit die moeilikheid te “ontdek”, is dikwels aan die wortel van die oorbenuiting van natuurlike hulpbronne. Die soeke na korttermyngewin vanweë gierigheid, armoede of 'n gebrek aan alternatiewe bronne van inkomste het eweneens tot die agteruitgang van natuurlike hulpbronne gelei.

Om natuurlike hulpbronne of kapitaal te herstel, is nie maklik nie. Die vele struikelblokke in die proses om natuurlike kapitaal is vroeër genoem, dog die samestellers en skrywers van die boek *Restoring natural capital: Science, business*

*and practice* meen die heel belangrikste voorwaarde vir welslae is om nooit 'n projek aan te pak sonder om die belanghebbendes betrokke te kry nie.

Afgesien daarvan dat suksesvolle projekte uiteindelik plaaslike inwoners tot voordeel strek, is dit noodsaaklik dat hulle hul rol in ekosistels verstaan en aan die herstelproses deelneem. Die navorsers en praktisyns erken ook die waarde van inheemse en tradisionele kennis van natuurlike stelsels wat in gemeenskappe bestaan.

Die boek betreur die feit dat dit moeilik is om besluitnemers van die voordele van die herstel van natuurlike kapitaal te oortuig. Suid-Afrika het wette wat

veronderstel is om die natuurlike omgewing te beskerm, maar vanjaar het mnr. Trevor Manuel, Minister van Finansies, maatreëls vir die bewaring van Suid-Afrika se ryk biodiversiteit in sy begrotingsrede aangekondig. Belastingkortings vir grondeienaars word oorweeg om die bewaring van natuurlike habitate en biodiversiteit op hul grond aan te moedig. Die korting sal uitgawes dek wat aangegaan is om 'n goedgekeurde bewaringsbestuursplan kragtens die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Biodiversiteit (Wet 10 van 2004) en die Wet op Nasionale omgewingsbestuur: Beskermdede Gebiede (Wet 57 van 2003) te ontwikkel en in werking te stel. **L**